

Die twee getuies: Die kerk in die eindtyd

Openbaring 11:1-14

26 Julie 2020

1. Die twee getuies is die kerk deur die eeue (verse 1-3)
 - a. Tempel is nie fisiese tempel nie, maar gelowiges saamgebind in 'n liggaam, die kerk (1 Kor 3:16-17, Ef 2:21-22, 1 Pet 2:5)
 - b. Meet van die gelowiges gee aan hulle sekerheid
 - c. Heidene in die voorhof en heilige stad – aanslae teen kerk kom selfs van binne
 - d. 42 maande = 1260 dae = 3½ jaar = tyd, tye en halwe tyd = periode tussen Jesus se eerste en tweede koms (Op 11:2-3, 12:5, 14, Dan 7:25-26)
 - e. Twee getuies: nie twee individue nie, maar al die gelowiges gedurende die 1260 dae, d.w.s. die kerk (Op 6:9, 12:11, vgl ook Deut 17:6)
2. Die toerusting van die kerk vir haar taak (verse 4-6)
 - a. Vers 4: Vgl met Sag 4:1-14 – Olie verwys na **Heilige Gees**, olyfbome na twee gesalfdes (waarskynlik Jesua en Serubbabel), d.w.s. die **kerkleiers**, en ook elke **gelowige as priester en koning**
 - b. Vers 5: kerk kan kwaaddoeners met vuur uit hulle mond verteer, d.w.s. deur die **Woord** (Op 1:16, Jer 5:14)
 - c. Vers 6:
 - Elia se **gebed** vir droogte vs reën (1 Kon 17-18, Jak 5:17)
 - Moses wat water in bloed verander (Eks 7:17-25). Gelowiges se **gebede** bring oordele/blaas van trompette (Op 8:3-6)
3. Die kerk net voor die wederkoms (verse 7-14)
 - a. Getuienis klaar gelewer het – d.w.s. teen die einde van die tyd, kort voor die wederkoms
 - b. Dier uit onderaardse dieptes (Apollion, Abaddon, Satan – Op 9:1, 11) oorwin die kerk – kerk as instelling verdwyn (Luk 18:8b)
 - c. Jerusalem = Sodom = Egipte: Oënskynlik het die heidene die hele wêreld beset.
 - d. Mense uit alle volke, stamme, tale en nasies verheug hulle – i.p.v. dat hulle hulle bekeer
 - e. Getuies is 3½ dae dood – kort in vergelyking met 3½ jaar van getuienis
 - f. Getuies word lewendig deur God se Gees, vaar op na hemel (vgl 1 Tess 4:16-17)
 - g. Aardbewing en rampe soos met sesde seël
 - h. Vers 14: Dit is die einde van die tweede wee, en dus die einde van die sesde trompet
4. Toepassing
 - a. Kerk het groot en dringende getuienisrol
 - b. Kerk is goed toegerus vir hierdie rol: hulle is gemerk en gemeet, hulle getuig nie alleen nie, maar kragtig deur die Heilige Gees, hulle getuig volgens die Woord van God waarvan hulle die soet en die bitter verteer het, hulle soek biddend na God se wil, insluitende die stuur van God se oordele om wêreld te konfronteer, hulle word gelei deur Geesvervulde leiers, hulle is elkeen 'n priester en koning
 - c. Kerk moet teenstand verwag – van binne en buite. Wees waaksaam vir die wat die getuienisrol ondergrawe. Hulle getuienis moet teistering vir wêreld wees.
 - d. As kerk klaar getuig het, verdwyn dit vir kort rukkie, voor hulle in heerlijkheid by God eindig